

# Universiteit Stellenbosch-studentetaalprofiel

Amptelike Junie-inskrywingstatistieke, 2017 tot 2021

Sentrum vir Besigheidsintelligensie  
Afdeling Inligtingsoorsigbestuur  
23 Junie 2021

## Inhoudsopgawe


Opsomming.....	i
1 Inleiding.....	1
2 Huistaal.....	1
2.1 Huistaal van voorgraadse studente .....	1
2.2 Huistaal van nuwelingeerstejaars .....	2
2.3 Huistaal van nagraadse studente .....	3
3 Voorkeurtaal vir onderrig en leer .....	6
3.1 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente .....	6
3.2 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars .....	7
3.3 Voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens huistaal .....	8
4 Bevolkingsgroep .....	9
4.1 Bevolkingsgroep van voorgraadse studente .....	9
4.2 Bevolkingsgroep van nuwelingeerstejaars.....	10
4.3 Bevolkingsgroep van nagraadse studente.....	10
4.4 Voorkeuronderrigtaal volgens bevolkingsgroep .....	11
5 Tuisprovinsie van nuwelingeerstejaars (2021).....	12
5.1 Tuisprovinsie en huistaal van nuwelingeerstejaars.....	12
5.2 Tuisprovinsie en bevolkingsgroep van nuwelingeerstejaars .....	14
6 Afrikaans, Engels en Xhosa as graad 12-vaktipe .....	15
6.1 Afrikaans- en Engels-vaktipe.....	15
6.2 Afrikaans- en Engels-vaktipe volgens bevolkingsgroep .....	16
6.3 Xhosa as skoolvak.....	16
7 Vergelyking van huistaalverspreiding met ander universiteite.....	17
7.1 Huistaal van voorgraadse studente volgens HEMIS .....	17
7.2 Nuwelingeerstejaars .....	19
7.3 Nagraadse studente .....	19
8 Wes-Kaapse en nasionale huistaal- en bevolkingsgroepverspreiding van die jeug.....	20
9 Bylaag .....	22
9.1 Huistaal van voorgraadse studente .....	22
9.2 Huistaal van nuwelingeerstejaars .....	24
9.3 Huistaal van nagraadse studente .....	26
9.4 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente .....	33
9.5 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars .....	34
9.6 Voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens huistaal .....	36
9.7 Bevolkingsgroep van voorgraadse studente .....	37
9.8 Bevolkingsgroep van nuwelingeerstejaars.....	39
9.9 Bevolkingsgroep van nagraadse studente.....	41

9.10	Voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens bevolkingsgroep.....	44
9.11	Tuisprovinsie van nuwellingeerstejaars.....	45
9.12	Engels en Afrikaans as graad 12-vak onder nuwellingeerstejaars .....	46
9.13	HEMIS-inskrywings volgens bevolkings- en huistaalgroep, 2019 .....	49
9.14	Demografie van jeug in Suid-Afrika.....	52

# Opsomming

## Huistaal

Figuur 1 toon die huistaalverspreiding van ingeskrewe studente in 2021 volgens kwalifikasietipe. Afdeling 2.1 bied verdere besonderhede oor die huistaalverspreiding van voorgraadse studente, afdeling 2.2 oor dié van nuwelingeerstejaars, en afdeling 2.3 oor dié van nagraadse studente.




**Figuur 1: Huistaalverspreiding volgens kwalifikasietipe, 2021**


Die persentasie voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal het die afgelope vyf jaar met vyf persentasiepunte afgeneem. Daarteenoor het Xhosa asook ander amptelike Suid-Afrikaanse tale elk met twee persentasiepunte toegeneem.

## Voorkeurtaal vir onderrig en leer

Figuur 2 illustreer die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars (NE's) sowel as voorgraadse (VG) studente vir onderskeidelik 2017 en 2021. Verdere besonderhede is in afdeling 3 te kry.



**Figuur 2: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer – nuwelingeerstejaars en voorgraads**




**Figuur 3: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens huistaal van voorgraadse studente, 2021**

Engels as voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente het van 68.2% in 2017 tot 80.8% in 2021 toegeneem.


Byna 100% van voorgraadse studente met 'n ander huistaal as Afrikaans, en 49.5% van voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal, het in 2021 Engels as onderrig-en-leertaal verkies (Figuur 3).

## Bevolkingsgroep

Figuur 4 toon die bevolkingsgroepverspreiding van ingeskrewe studente in 2021 volgens kwalifikasietipe. Figuur 5 bevat die voorgraadse verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens bevolkingsgroep. Raadpleeg afdelings 4.1 tot 4.4 vir verdere inligting.



**Figuur 4: Bevolkingsgroepverspreiding volgens kwalifikasietipe, 2021**



**Figuur 5: Voorgraadse verspreiding van voorkeuronderrigtaal volgens bevolkingsgroep in 2021**

Bykans 100% van voorgraadse studente uit die swart Afrikaan- en Indiër-/Asiërgroepe, 80.7% van bruin voorgraadse studente en 73.8% van wit voorgraadse studente het in 2021 Engels as onderrig- en-leertaal verkies (Figuur 5).


## Tuisprovinsie van nuwelingeerstejaars

Afdeling 5 bied besonderhede oor die bevolkings- en huistaalverspreiding van NE's volgens hulle tuisprovinsie.

In 2021 het die meerderheid NE's met Afrikaans as huistaal (70.9%) sowel as 59.1% met Engels as huistaal uit die Wes-Kaap gekom. Die geografiese herkoms van NE's met ander amptelike Suid-Afrikaanse tale (buiten Engels en Afrikaans) as huistaal was meer eweredig tussen die provinsies versprei.

## Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe

Afdeling 6 bevat inligting oor hoeveel nuwelingeerstejaars in graad 12 Afrikaans of Engels as vak gehad het, en op watter vlak.




**Figuur 6: Verspreiding van Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe, nuwelingeerstejaars 2021**

Figuur 6 toon die verspreiding van Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe onder 2021 se NE's. Byna alle NE's het in graad 12 Engels as vak gehad – 59.7% op Huistaalvlak. Altesaam 85.8% van nuwelingeerstejaars het Afrikaans as graad 12-vak gehad – 34.7% op Huistaalvlak. Bykans twee derdes van swart Afrikaan-studente het nie in graad 12 Afrikaans as vak gehad nie.

## Vergelyking van huistaalverspreiding met ander universiteite

Afdeling 7 vergelyk die huistaalverspreiding van die Universiteit Stellenbosch met dié van die Universiteit van Kaapstad (UK), die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) sowel as kontak-universiteite in Suid-Afrika in die algemeen. HEMIS-syfers vir 2019 is hiervoor gebruik.

Besonderhede van huistaalverspreiding volgens bevolkingsgroep word onderskeidelik vir voorgraadse studente, nuwelingeerstejaars en nagraadse studente voorsien. Figuur 7 is 'n grafiese voorstelling van die huistaalverspreiding per bevolkingsgroep en universiteit van voorgraadse studente van bogenoemde universiteite.



**Figuur 7: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente volgens HEMIS, 2019**

(Let daarop dat daar vir Afrikaanse studente slegs twee moontlikhede in HEMIS is, naamlik "Ander SA tale" buiten Afrikaans en Engels, en "Ander", wat in bostaande grafiek aangedui word as "Afr, Eng en Int".)

Data gegrond op Junie-inskrywingsyfers volgens die SUN-i-besigheidsintelligensiestelsel.

# 1 Inleiding

Hierdie verslag bevat statistieke oor die huistaal, voorkeurtaal vir onderrig en leer, Afrikaans en Engels as graad 12-vakke en die bevolkingsgroep van ingeskrewe studente aan die Universiteit Stellenbosch. Die data is gegrond op die amptelike Junie-inskrywingsyfers van die afgelope vyf jaar.

Vergelykende statistieke van die taal- en bevolkingsgroepverspreiding van alle inskrywings by openbare Suid-Afrikaanse universiteite word ook voorsien, en berus op voorlopige HEMIS-data van 2019.


## 2 Huistaal

Huistaal word as Afrikaans, Engels, Xhosa, ander amptelike Suid-Afrikaanse tale (buiten Afrikaans, Engels en Xhosa) en internasionale tale gegroepeer.

Studente kon tot en met 2013 ook die tweetalige opsie Afrikaans/Engels as hulle huistaal aandui. Hoewel hierdie opsie sedertdien uitgefaseer is, het 'n klein groepie studente steeds hierdie opsie as huistaal. Hulle is by die Afrikaanssprekende studente ingedeel.

### 2.1 Huistaal van voorgraadse studente

Figuur 8 illustreer die huistaalverspreiding van voorgraadse studente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings sowel as die verspreiding daarvan word in Tabel 1 in die bylaag voorsien.




Figuur 8: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, 2017 – 2021

- 'n Vergelyking van die voorgraadse **verspreiding** van huistaal in 2021 en dié in 2017 bring aan die lig dat Afrikaans oor hierdie tydperk met vyf persentasiepunte afgeneem het, terwyl Engels, Xhosa en ander amptelike Suid-Afrikaanse tale elk met tussen een en drie persentasiepunte toegeneem het.
- 'n Vergelyking van die voorgraadse **inskrywingsyfers** van 2021 en 2017 dui daarop dat algehele inskrywings met 5.2% toegeneem het.
  - Voorgraadse studente-inskrywings met **Afrikaans** as huistaal het met 7.1% afgeneem, en inskrywings met **Engels** as huistaal het met 7.2% toegeneem.
  - Voorgraadse inskrywings met **Xhosa** as huistaal het van 550 in 2017 tot 992 in 2021 gestyg – 'n groei koers van 80.4%.
  - Diegene met 'n **ander amptelike Suid-Afrikaanse taal** (buiten Afrikaans, Engels en Xhosa) as huistaal het 'n groei koers van 44.8% oor die afgelope 5 jaar getoon.

- o Naas Engels, Afrikaans en Xhosa het die amptelike Suid-Afrikaanse tale **Zoeloe** (501, of 2.4%), **Tswana** (254, of 1.2%) en **Sotho** (200, of 1.0%) die meeste voorgraadse inskrywings in 2021 gehad.

Figuur 9 toon die huistaalverspreiding van voorgraadse studente in 2021 volgens fakulteit. Die getal inskrywings sowel as die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar word in Tabel 2 tot Tabel 11 in die bylaag voorsien.




**Figuur 9: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

## 2.2 Huistaal van nuwelingeerstejaars


Figuur 10 toon die huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 12 in die bylaag vervat.



**Figuur 10: Huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars, 2017 – 2021**

- Die getal nuwelingeerstejaars met **Xhosa** as huistaal het die grootste groei van 2017 tot 2021 getoon (50.0%). Persentasiegewys het hierdie groep toegeneem van 3.2% in 2017 tot 4.9% in 2021.
- Nuwelingeerstejaars met 'n **ander amptelike SA taal** (buiten Afrikaans, Engels en Xhosa) as huistaal het 'n groei van 14.4% oor dié tydperk getoon.
- Die getal studente met **Afrikaans** as huistaal het oor die afgelope vyf jaar met 5.5% afgeneem. Gevolglik het Afrikaans as huistaal met twee persentasiepunte afgeneem.
- Die getal en persentasie nuwelingeerstejaars met **Engels** as huistaal het die afgelope vyf jaar stabiel gebly.

Figuur 11 illustreer die huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars (NE's) in 2021 volgens fakulteit. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar verskyn in Tabel 13 tot Tabel 22 in die bylaag.




**Figuur 11: Huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

### 2.3 Huistaal van nagraadse studente


Figuur 12 toon die huistaalverspreiding van nagraadse studente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 23 in die bylaag voorsien.



**Figuur 12: Huistaalverspreiding van nagraadse studente, 2017 – 2021**

Naas Engels, Afrikaans en Xhosa het die amptelike Suid-Afrikaanse tale **Zoeloe** (2.9%), **Tswana** (1.8%) en **Sotho** (1.7%) die meeste nagraadse inskrywings in 2021 gehad.

Figuur 13 illustreer die huistaalverspreiding van nagraadse studente in 2021 volgens kwalifikasietipe. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 24 in die bylaag aangedui.




**Figuur 13: Huistaalverspreiding van nagraadse studente volgens kwalifikasietipe, 2021**

NG dip/sert = Nagraadse diploma of sertifikaat; NG bacc = Nagraadse baccalaureus (nagraadse LLB)



### 2.3.1 Huistaal van honneursstudente


Figuur 14 toon die huistaalverspreiding van honneursstudente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 25 in die bylaag.



**Figuur 14: Huistaalverspreiding van honneursstudente, 2017 – 2021**

- Die skerp daling in persentasie honneursstudente met Afrikaans as huistaal van 2020 tot 2021 is hoofsaaklik as gevolg van die herstrukturering van nagraadse programme in Rekeningkunde, met 'n gepaardgaande verskuiwing vanaf die honneursprogram na 'n nagraadse diploma in Rekeningkunde.

Die huistaalverspreiding van honneursstudente in 2021 volgens fakulteit word grafies in Figuur 15 uitgebeeld. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar verskyn in Tabel 26 tot Tabel 32 in die bylaag.




**Figuur 15: Huistaalverspreiding van honneursstudente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe

### 2.3.2 Huistaal van magisterstudente


Figuur 16 illustreer die huistaalverspreiding van magisterstudente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 33 in die bylaag voorsien.



**Figuur 16: Huistaalverspreiding van magisterstudente, 2017 – 2021**

- Oor die afgelope vyf jaar het die getal magisterstudente met Afrikaans as huistaal met 16.5% afgeneem. Hulle persentasie het met bykans ag persentasiepunte afgeneem, van 38.5% in 2017 tot 30.8% in 2021.

Die huistaalverspreiding van magisterstudente in 2021 volgens fakulteit word grafies in Figuur 17 uitgebeeld. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar verskyn in Tabel 34 tot Tabel 43 in die bylaag.




**Figuur 17: Huistaalverspreiding van magisterstudente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

### 2.3.3 Huistaal van doktrale studente


Figuur 18 toon die huistaalverspreiding van doktrale studente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 44 in die bylaag aangedui.



**Figuur 18: Huistaalverspreiding van doktrale studente, 2017 – 2021**

- Die getal doktrale studente met **Afrikaans** as huistaal het oor die afgelope vyf jaar met 15.9% afgeneem. Gevolglik het hul persentasie met meer as ses persentasiepunte gedaal, van 35.1% in 2017 tot 28.9% in 2021.
- Die getal doktrale studente met **Xhosa** as huistaal het met 10.4% oor die afgelope vyf jaar gegroei. Daarteenoor het die getal doktrale studente met 'n **ander amptelike Suid-Afrikaanse taal** oor dié tydperk verdubbel van 67 in 2017 tot 133 in 2021.

Die huistaalverspreiding van doktrale studente in 2021 volgens fakulteit word grafies in Figuur 19 voorgestel. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar verskyn in Tabel 45 tot Tabel 54 in die bylaag.




**Figuur 19: Huistaalverspreiding van doktrale studente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

### 3 Voorkeurtaal vir onderrig en leer

#### 3.1 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente


Figuur 20 toon die verspreiding van voorgraadse studente se voorkeurtaal vir onderrig en leer oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 55 in die bylaag voorsien.



**Figuur 20: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente, 2017 – 2021**

- Net meer as twee derdes (68.2%) van voorgraadse studente het in 2017 Engels as onderrig-en-leertaal verkies. Dit het teen 2021 tot 80.8% gestyg.

Die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente in 2021 volgens fakulteit word grafies in Figuur 21 voorgestel. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar word in Tabel 56 tot Tabel 65 in die bylaag aangedui.




**Figuur 21: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

- Die fakulteite **AgriWetenskappe**, **Opvoedkunde** en **Teologie** het die hoogste persentasie studente gehad wat Afrikaans as onderrig-en-leertaal verkies het, met tussen 35% en 39%.
- Altesaam 26.2% van voorgraadse studente in die Fakulteit **Ingenieurswese** het Afrikaans verkies.
- In elk van die ander fakulteite het minder as 20% van voorgraadse studente Afrikaans as onderrig-en-leertaal verkies.


### 3.2 Voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars

Figuur 22 toon die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 66 in die bylaag.



**Figuur 22: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars, 2017 – 2021**

Die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars in 2021 volgens fakulteit word in Figuur 23 aangedui. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar verskyn in Tabel 67 tot Tabel 76 in die bylaag.




**Figuur 23: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars volgens fakulteit, 2021**


Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie

### 3.3 Voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens huistaal

Figuur 24 toon die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens voorgraadse studente se huistaal in onderskeidelik 2017 en 2021. Figuur 25 toon 'n soortgelyke verspreiding vir nuwelingeerstejaars. Die verspreidings word ook in Tabel 77 tot Tabel 80 in die bylaag voorsien.



**Figuur 24: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente volgens huistaal, 2017 en 2021**




**Figuur 25: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars volgens huistaal, 2017 en 2021**

- Bykans 100% van studente met 'n ander huistaal as Afrikaans het Engels as onderrig-en-leertaal verkies.
- Ongeveer 'n kwart van voorgraadse studente én nuwelingeerstejaars met Afrikaans as huistaal het in 2017 Engels as onderrig-en-leertaal verkies. Vir beide voorgraadse en nuwelingeerstejaars het hierdie syfer teen 2021 tot bykans die helfte gestyg: 49.5% vir voorgraadse studente en 46.1% vir nuwelingeerstejaars.

## 4 Bevolkingsgroep

### 4.1 Bevolkingsgroep van voorgraadse studente


Figuur 26 illustreer die bevolkingsgroepverspreiding van voorgraadse studente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan word in Tabel 81 in die bylaag aangedui.



**Figuur 26: Bevolkingsgroepverspreiding van voorgraadse studente, 2017 – 2021**

- Die getal voorgraadse studente uit die **swart Afrikaan**-bevolkingsgroep het met 42.4% toegeneem van 2 579 in 2017 tot 3 673 in 2021. Gevolglik het die persentasie swart Afrikane op voorgraadse vlak met 4.6 persentasiepunte gestyg van 13.0% in 2017 tot 17.6% in 2021.
- Die getal **bruin** voorgraadse studente het die afgelope vyf jaar betreklik bestendig gebly.
- Die getal **wit** voorgraadse studente het van 2017 tot 2021 met 4.8% afgeneem. Gevolglik het die persentasie wit voorgraadse studente met ses persentasiepunte van 63.4% in 2017 tot 57.4% in 2021 gedaal.

Figuur 27 toon die bevolkingsgroepverspreiding van voorgraadse studente in 2021 volgens fakulteit. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar word in Tabel 82 tot Tabel 91 in die bylaag voorsien.




**Figuur 27: Bevolkingsgroepverspreiding van voorgraadse studente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie


## 4.2 Bevolkingsgroep van nuwelingeerstejaars

Figuur 28 illustreer die bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 92 in die bylaag.



**Figuur 28: Bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars, 2017 – 2021**

Figuur 29 toon die bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars in 2021 volgens fakulteit. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar word in Tabel 93 tot Tabel 102 in die bylaag voorgestel.




**Figuur 29: Bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie


## 4.3 Bevolkingsgroep van nagraadse studente

Figuur 30 toon die bevolkingsgroepverspreiding van nagraadse studente oor die afgelope vyf jaar. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 103 in die bylaag.



**Figuur 30: Bevolkingsgroepverspreiding van nagraadse studente, 2017 – 2021**


Figuur 31 toon die bevolkingsgroepverspreiding volgens nagraadse kwalifikasietipe in 2021. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 104 in die bylaag.



**Figuur 31: Bevolkingsgroepverspreiding volgens nagraadse kwalifikasietipe, 2021**

NG bacc = Nagraadse baccalaureus (nagraadse LLB); NG dip/sert = Nagraadse diploma of sertifikaat

Figuur 32 illustreer die nagraadse bevolkingsgroepverspreiding in 2021 volgens fakulteit. Die getal inskrywings en die verspreiding volgens fakulteit oor die afgelope vyf jaar word in Tabel 105 tot Tabel 114 in die bylaag aangedui.




**Figuur 32: Bevolkingsgroepverspreiding van nagraadse studente volgens fakulteit, 2021**

Agri = AgriWetenskappe; LSW = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Nat.wet. = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie


#### 4.4 Voorkeuronderrigtaal volgens bevolkingsgroep

Figuur 33 toon die verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer volgens voorgraadse studente se bevolkingsgroep in 2017 en 2021. Figuur 34 toon 'n soortgelyke verspreiding vir nuweling-eerstejaars. Die getal inskrywings en verspreidings is ook beskikbaar in Tabel 115 tot Tabel 118 in die bylaag.



**Figuur 33: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by voorgraadse studente volgens bevolkingsgroep, 2017 en 2021**





**Figuur 34: Verspreiding van voorkeurtaal vir onderrig en leer by nuwelingeerstejaars volgens bevolkingsgroep, 2017 en 2021**

- Volgens Figuur 33 het 26.2% van **wit** voorgraadse studente en 19.3% van **bruin** voorgraadse studente in 2021 Afrikaans as onderrig-en-leertaal verkies.
- Alle ander wit en bruin studente, sowel as bykans alle swart Afrikaan- en Indiër-/Asiërstudente, het Engels verkies.


Soortgelyke tendense is onder nuwelingeerstejaars opgemerk.

## 5 Tuisprovinsie van nuwelingeerstejaars (2021)

Die meerderheid nuwelingeerstejaars (60.1%) kom van die **Wes-Kaap**. Die provinsies **Gauteng** (14.6%) en **KwaZulu-Natal** (8.7%) dra onderskeidelik die tweede en derde meeste tot nuweling-eerstejaarskrywings by.

### 5.1 Tuisprovinsie en huistaal van nuwelingeerstejaars

Figuur 35 toon die huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars in 2021 vir elke provinsie.




**Figuur 35: Huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars vir elke tuisprovinsie, 2021**

- Huistaal in die **Wes-Kaap** is bykans eweredig tussen Afrikaans (44.1%) en Engels (49.1%) versprei.

- Ses persent van nuwelingeerstejaars in die Wes-Kaap het 'n ander amptelike Suid-Afrikaanse taal (buiten Afrikaans en Engels) as huistaal.

Figuur 36 toon die tuisprovinsieverspreiding van nuwelingeerstejaars in 2021 volgens huistaal. Verdere besonderhede is in Tabel 119 in die bylaag te kry.




**Figuur 36: Tuisprovinsieverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens huistaal, 2021**

- Die meerderheid nuwelingeerstejaars met **Afrikaans** as huistaal in 2021 was van die Wes-Kaap (70.9%). Sowat 13% het van Gauteng gekom, en 3% elk van die Oos-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en die buiteland.
- Nuwelingeerstejaars met **Engels** as huistaal het hoofsaaklik van die Wes-Kaap (59.1%), Gauteng (13.8%) en KwaZulu-Natal (13.5%) gekom.
- Nuwelingeerstejaars met **Xhosa** as huistaal kom hoofsaaklik van die Wes-Kaap (63.5%) en Oos-Kaap (27.5%).
- Die geografiese herkoms van nuwelingeerstejaars met **ander amptelike Suid-Afrikaanse tale** is meer verspreid oor die provinsies, met 32.2% van Gauteng, 24.2% van KwaZulu-Natal en 14.7% van Limpopo.


## 5.2 Tuisprovinsie en bevolkingsgroep van nuwelingeerstejaars

Figuur 37 beeld die bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars in 2021 vir elke tuisprovinsie uit.



Figuur 37: Bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens tuisprovinsie, 2021

Figuur 38 toon die tuisprovinsieverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens bevolkingsgroep. Verdere besonderhede word Tabel 121 in die bylaag voorsien.



Figuur 38: Tuisprovinsieverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens bevolkingsgroep, 2021

- Die meerderheid **bruin** NE's was van die Wes-Kaap (823, of 87.2%). Die Oos-Kaap het die tweede meeste bruin nuwelingeerstejaars bygedra (40, of 4.2% van die totaal).
- **Indiër- en Asiër** nuwelingeerstejaars was hoofsaaklik van die Wes-Kaap (90, of 43.5%) en KwaZulu-Natal (74, of 35.7%).
- Die geografiese herkoms van **swart Afrikaan**-nuwelingeerstejaars is meer eweredig tussen die provinsies versprei, naamlik 32.7% (286) van die Wes-Kaap, 20.6% (180) van Gauteng, 11.7% (102) van KwaZulu-Natal en 8.7% (76) van die Oos-Kaap.
- Die verspreiding van **wit** NE's is soortgelyk aan die algehele nuwelingeerstejaarverspreiding: Altesaam 60.4% kom van die Wes-Kaap, 17.0% van Gauteng en 8.3% van KwaZulu-Natal.

## 6 Afrikaans, Engels en Xhosa as graad 12-vaktipe


### 6.1 Afrikaans- en Engels-vaktipe

Dit is verpligtend vir 'n NSS-leerder<sup>1</sup> om twee amptelike Suid-Afrikaanse tale as graad 12-vakke te hê: een op Huistaalvlak, en die ander (minstens) op die vlak van Eerste Addisionele Taal. Om in die NSS aan die vereistes vir toelating tot 'n baccalaureusprogram te voldoen, moet een van die tale 'n onderrig-en-leertaal by 'n hoërondewysinstelling wees (Afrikaans of Engels in die geval van die Universiteit Stellenbosch). 'n Graad 12-leerder hoef nie Afrikaans as 'n vak te hê om toegang tot die Universiteit Stellenbosch te verkry nie.

'n Graad 12-leerder kan Afrikaans en Engels op verskillende NSS-vlakke hê, of as deel van 'n ander kurrikulum (soos Cambridge), of glad nie. Daarom is die volgende kategorieë gebruik om Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe te klassifiseer:

- **NSS Huistaal**
- **NSS Eerste Addisionele Taal**
- **NSS Tweede Addisionele Taal**
- **Ander:** Vak van nie-NSS-eksamineringsraad (soos Senior Sertifikaat, Cambridge)
- **Geen:** Het dit nie as vak in graad 12 gehad nie; student se uitslae vir ander vakke is op die Studente-inligtingstelsel (SIS) beskikbaar, maar nie vir dié spesifieke vak nie.
- **Onbekend:** Geen graad 12-uitslae is vir die spesifieke student op SIS beskikbaar nie.

Figuur 39 toon die verspreiding van Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe onder die nuwelingeerstejaars van 2017 en 2021. Weens die klein getal studente in die kategorieë "Onbekend" en "NSS Tweede Addisionele Taal" word daardie kategorieë nie aangedui nie. Die volledige waardes is in die bylaag (Tabel 123 en Tabel 124) te kry.




Figuur 39: Verspreiding van Afrikaans en Engels as graad 12-vaktipe

- Die verspreiding van **Afrikaans** as graad 12-vaktipe het van 2017 tot 2021 verander:
  - 12.3% van die 2017 nuwelingeerstejaars het nie Afrikaans as 'n graad 12-vak gehad nie; hierdie syfer het teen 2021 tot 14.2% gestyg.
  - Onder die 2021 nuwelingeerstejaars het slegs 34.7% in graad 12 Afrikaans op Huistaalvlak gehad, vergeleke met 36.4% in 2017.
- Daarteenoor het die persentasie van nuwelingeerstejaars met **Engels** op Huistaalvlak in graad 12 feitlik onveranderd gebly (59.7% in 2021 teenoor 59.4% in 2017).

<sup>1</sup> NSS: Nasionale Senior Sertifikaat

## 6.2 Afrikaans- en Engels-vaktipe volgens bevolkingsgroep

Figuur 40 toon onderskeidelik die Afrikaans- en Engels-vaktipeverspreiding in graad 12 volgens bevolkingsgroep. Volledige inligting vir 2017 tot 2021 is in die bylaag (Tabel 125 tot Tabel 132) te kry.




**Figuur 40: Verspreiding van Afrikaans- en Engels-vaktipe in graad 12 vir nuwelingeerstejaars volgens bevolkingsgroep, 2021**

Daar is aansienlike verskille in die vaktipeverspreiding by die verskillende bevolkingsgroepe. Die tendense vir 2021 was soos volg:

- **Afrikaans:**
  - Hoofsaaklik bruin en wit nuwelingeerstejaars het in graad 12 **Afrikaans Huistaal** gehad – 31.6% van bruin en 46.8% van wit nuwelingeerstejaars.
  - Bykans twee derdes van bruin nuwelingeerstejaars (64.5%) en die meerderheid Indiër-/ Asiër nuwelingeerstejaars (87.4%) het **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** gehad.
  - Byna twee derdes (64.2%) van swart Afrikaan-studente en 11.6% van Indiër-/ Asiërstudente **het nie Afrikaans as vak gehad nie**.
- **Engels:**
  - Indiër-/Asiër nuwelingeerstejaars het die hoogste persentasie met **Engels Huistaal** uitgemaak (90.3%), gevolg deur bruin (66.8%) en wit (59.8%) nuwelingeerstejaars.
  - Swart Afrikaan-nuwelingeerstejaars het die kleinste persentasie met Engels Huistaal (43.9%) uitgemaak, en die hoogste persentasie met Engels Eerste Addisionele Taal (40.8%).

## 6.3 Xhosa as skoolvak

Die getal nuwelingeerstejaars wat Xhosa as skoolvak in graad 12 gehad het, word in Tabel 133 in die bylaag voorsien. Figuur 41 toon die bevolkingsgroepverspreiding van nuwelingeerstejaars wat Xhosa as vaktipe in graad 12 gehad het.



**Figuur 41: Verspreiding van nuwelingeerstejaars met Xhosa as vak per bevolkingsgroep, 2021**

- Slegs 224 (4.3%) van die nuwelingeerstejaars van 2021 het Xhosa as graad 12-vaktipe gehad, waarvan 155 (3.0%) Xhosa op Huistaalvlak gehad het.
- **Swart Afrikaan** nuwelingeerstejaars het die hoogste persentasie uitgemaak van diegene met Xhosa as vak (86.2%).
  - 17.7% van swart Afrikaan nuwelingeerstejaars het Xhosa op Huistaalvlak gehad, en 4.0% Xhosa as Eerste Addisionale taal (Tabel 134 in Bylaag).

## 7 Vergelyking van huistaalverspreiding met ander universiteite

Hierdie afdeling vergelyk huistaalverspreiding volgens bevolkingsgroep by die Universiteit Stellenbosch met dié by twee ander Wes-Kaapse universiteite (die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Wes-Kaapland), sowel as met die algehele getal inskrywings by alle universiteite in Suid-Afrika (buiten UNISA). Data van 2019 is gebruik; 2020 data was nog nie beskikbaar ten tye van die publisering van die verslag nie.

Die tabelle in die HEMIS-verslae lys huistaal volgens bevolkingsgroep. Die volgende huistaalinligting is beskikbaar in HEMIS tabel 2.7 ("Ongedupliseerde getal ingeskrewe studente volgens ras, geslag, huistaal en kwalifikasietipe"):


- **Wit en bruin:** Afrikaans, Afr/Eng, Engels, en die res Ander/Onbekend
- **Indiër:** Geen taal aangedui nie
- **Afrikaan:** Amptelike Suid-Afrikaanse tale buiten Afrikaans en Engels, en Ander/Onbekend.
- **Onbekende ras:** Geen taal aangedui nie

**Let wel:** Die HEMIS inskrywingsyfers van die Universiteit Stellenbosch is vergelykbaar met die Junie-statistieke, dog met geringe verskille. Die oorhoofse tendense is egter soortgelyk.

### 7.1 Huistaal van voorgraadse studente volgens HEMIS

#### 7.1.1 Huistaalverspreiding

Figuur 42 bied 'n grafiese voorstelling van die huistaalverspreiding van voorgraadse studente aan die Universiteit Stellenbosch vergeleke met dié aan die Universiteit van Kaapstad (UK), Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en alle Suid-Afrikaanse universiteite (buiten UNISA). Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan is in Tabel 136 tot Tabel 139 in die bylaag te kry.




**Figuur 42: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente volgens HEMIS, 2019**

- Die huistaalverspreiding van **wit** en **bruin** voorgraadse studente aan die US is vergelykbaar met die landwye verspreiding. Die UK het slegs 'n klein persentasie wit en bruin studente met Afrikaans as huistaal. Die UWK het 'n laer persentasie wit en bruin studente met Afrikaans as huistaal.
- Altesaam 60% van **Afrikane** op voorgraadse vlak aan die US het 'n ander amptelike Suid-Afrikaanse taal (buiten Afrikaans en Engels) as huistaal, vergeleke met 82% en 88% aan onderskeidelik die UK en UWK. Die res se huistaal is Afrikaans, Engels of ander internasionale tale.

### 7.1.2 Voorgraadse inskrywings met Afrikaans as huistaal volgens HEMIS


Figuur 43 toon die getal voorgraadse inskrywings van studente met Afrikaans as huistaal volgens bevolkingsgroep, gerangskik volgens die getal inskrywings. Slegs universiteite met meer as 1 000 voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal word aangedui.



**Figuur 43: Getal Afrikaanse voorgraadse inskrywings volgens bevolkingsgroep en universiteit, 2019**

NWU = Noordwes-Universiteit; US = Universiteit Stellenbosch; UV = Universiteit van die Vrystaat; KSUT = Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie; UWK = Universiteit van Wes-Kaapland; NMU = Nelson Mandela Universiteit

Figuur 44 toon die verspreiding van voorgraadse bruin en wit studente met Afrikaans as huistaal volgens universiteit. Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan is in Tabel 140 in die bylaag te kry.




**Figuur 44: Verspreiding van voorgraadse Afrikaanse studente volgens universiteit en bevolkingsgroep, 2019**

NWU = Noordwes-Universiteit; US = Universiteit Stellenbosch; UV = Universiteit van die Vrystaat; KSUT = Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie; UWK = Universiteit van Wes-Kaapland; NMU = Nelson Mandela Universiteit

- Meer as die helfte van **wit** voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal het in 2019 by Noordwes-Universiteit ingeskryf; 19.3% het by die Universiteit Stellenbosch ingeskryf.
- Die meerderheid **bruin** voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal het in die Wes-Kaap ingeskryf – 26.4% by KSUT, 19.4% by UWK en 11.9% by die US.

## 7.2 Nuwelingeerstejaars

Figuur 45 toon die huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars aan die US vergeleke met dié aan die UK, UWK en alle Suid-Afrikaanse universiteite (buiten UNISA). Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan verskyn in Tabel 141 tot Tabel 144 in die bylaag.




**Figuur 45: Huistaalverspreiding van nuwelingeerstejaars volgens HEMIS, 2019**

- Die huistaalverspreidingstendense vir nuwelingeerstejaars volgens bevolkingsgroep is soortgelyk aan dié vir voorgraadse studente.

## 7.3 Nagraadse studente

Figuur 46 toon die huistaalverspreiding van nagraadse studente aan die US vergeleke met dié aan die UK, UWK en alle Suid-Afrikaanse universiteite (buiten UNISA). Die getal inskrywings en die verspreiding daarvan is in Tabel 145 tot Tabel 148 in die bylaag te kry.






**Figuur 46: Huistaalverspreiding van nagraadse studente volgens HEMIS, 2019**

- Die US het 'n hoër persentasie **wit** en **bruin** nagraadse studente met Afrikaans as huistaal as die UWK én universiteite in die algemeen.
- Die persentasie **swart Afrikane** op nagraadse vlak met 'n ander amptelike Suid-Afrikaanse taal (buiten Afrikaans en Engels) as huistaal is laer as op voorgraadse vlak – vir ál die universiteite wat hierbo gelys word.

## 8 Wes-Kaapse en nasionale huistaal- en bevolkingsgroepverspreiding van die jeug

In hierdie afdeling word 'n oorsig gegee oor die Wes-Kaapse en nasionale demografie van jongmense in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar. Let egter op dat die demografie van hoërondewys-studente en dié van die hele bevolking in hierdie ouderdomsgroep beduidend kan verskil.

Figuur 47 toon die Wes-Kaapse huistaalverspreiding per bevolkingsgroep van die ouderdomsgroep 15-24 jaar, gebaseer op die nasionale 2011-sensus<sup>2</sup>. Die getalle en verspreiding is verkrygbaar in Tabel 149 in die bylaag. Die 2016-huistaalverspreiding, soos verkrygbaar vanaf die 2016-Gemeenskapsopname<sup>3</sup> word vergelykender gewys. Die 2016-huistaalverspreiding is egter nie per bevolkingsgroep beskikbaar nie.




**Figuur 47: Huistaalverspreiding per bevolkingsgroep van Wes-Kaapse jeug, 2011-sensus en 2016-Gemeenskapsopname**

<sup>2</sup> Die data is verkry vanaf die interaktiewe webwerf van StatsSA <http://interactive.statssa.gov.za/superweb> op 25 Mei 2015. Hierdie webwerf is sedertdien uit bedryf gestel.

<sup>3</sup> Verkrygbaar by <https://youthexplorer.org.za/profiles/province-WC-western-cape>

Figuur 48 toon die **nasionale** huistaalverspreiding per bevolkingsgroep van die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar, gebaseer op die nasionale 2011-sensus. Die 2016-huistaalverspreiding word ook aangetoon. Die getalle en verspreiding is verkrygbaar in Tabel 150 in die bylaag.



**Figuur 48: Nasionale huistaalverspreiding per bevolkingsgroep van die jeug, 2011-sensus en 2016-Gemeenskapsopname**

Die 2011-sensus toon die volgende:

- In die Wes-Kaap was Xhosa die huistaal van 76.8% van **Swart Afrikaan**-jeug, teenoor 19.8% landswyd.
- Die Wes-Kaapse huistaalverspreiding van **bruin** jongmense was soortgelyk aan die nasionale verspreiding, met 77.9% Afrikaans en 20.3% Engels.
- In die Wes-Kaap het 20.4% van **Indiër / Asiër**-jeug Afrikaans as huistaal gehad, teenoor slegs 4.9% landswyd.
- Onder **wit** jongmense was die persentasie met Afrikaans as huistaal laer in die Wes-Kaap (54.4%) as landswyd (62.6%).
- Bykans die helfte (47.6%) van die Wes-Kaapse jeug het in 2011 Afrikaans as huistaal gehad, teenoor die landswyde 11.1%.

## 9 Bylaag

### 9.1 Huistaal van voorgraadse studente

Tabel 1: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	8 412	8 205	7 994	7 717	7 811	42.4%	40.7%	39.7%	38.1%	37.4%
<b>Engels</b>	9 485	9 803	9 857	10 029	10 172	47.8%	48.6%	49.0%	49.5%	48.7%
<b>Xhosa</b>	550	649	714	818	992	2.8%	3.2%	3.5%	4.0%	4.8%
<b>Ander SA</b>	974	1 082	1 097	1 248	1 410	4.9%	5.4%	5.4%	6.2%	6.8%
<b>Internasionaal</b>	423	429	464	457	484	2.1%	2.1%	2.3%	2.3%	2.3%
<b>Onbekend</b>	0	0	4	3	1	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%
<b>Totaal</b>	<b>19 844</b>	<b>20 168</b>	<b>20 130</b>	<b>20 272</b>	<b>20 870</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Tabel 2: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit AgriWetenskappe

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	845	873	875	865	823	57.5%	55.4%	55.8%	53.3%	51.0%
<b>Engels</b>	469	529	523	565	571	31.9%	33.6%	33.4%	34.8%	35.4%
<b>Xhosa en ander SA</b>	132	143	144	157	184	9.0%	9.1%	9.2%	9.7%	11.4%
<b>Internasionaal</b>	23	30	24	35	35	1.6%	1.9%	1.5%	2.2%	2.2%
<b>Onbekend</b>	0	0	1	0	0	0.0%	0.0%	0.1%	0.0%	0.0%
<b>Totaal</b>	<b>1 469</b>	<b>1 575</b>	<b>1 567</b>	<b>1 622</b>	<b>1 613</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 3: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	1 305	1 226	1 172	1 224	1 256	38.6%	37.3%	35.5%	35.1%	34.6%
<b>Engels</b>	1 804	1 772	1 823	1 961	1 998	53.3%	53.9%	55.2%	56.3%	55.0%
<b>Xhosa en ander SA</b>	217	235	253	255	332	6.4%	7.1%	7.7%	7.3%	9.1%
<b>Internasionaal</b>	57	54	57	45	46	1.7%	1.6%	1.7%	1.3%	1.3%
<b>Onbekend</b>	0	0	0	1	1	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%
<b>Totaal</b>	<b>3 383</b>	<b>3 287</b>	<b>3 305</b>	<b>3 486</b>	<b>3 633</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 4: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	2 308	2 236	2 162	1 944	1 991	44.5%	42.6%	41.2%	38.2%	39.1%
<b>Engels</b>	2 489	2 570	2 618	2 644	2 556	48.0%	49.0%	49.9%	52.0%	50.2%
<b>Xhosa en ander SA</b>	276	324	334	379	421	5.3%	6.2%	6.4%	7.4%	8.3%
<b>Internasionaal</b>	108	114	128	121	127	2.1%	2.2%	2.4%	2.4%	2.5%
<b>Onbekend</b>	0	0	1	1	0	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%
<b>Totaal</b>	<b>5 181</b>	<b>5 244</b>	<b>5 243</b>	<b>5 089</b>	<b>5 095</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 5: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Opvoedkunde

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	570	598	575	527	495	58.7%	55.9%	50.6%	48.2%	45.7%
<b>Engels</b>	374	440	519	504	521	38.5%	41.2%	45.6%	46.1%	48.1%
<b>Xhosa en ander SA</b>	25	31	39	58	63	2.6%	2.9%	3.4%	5.3%	5.8%
<b>Internasionaal</b>	2	0	4	5	4	0.2%	0.0%	0.4%	0.5%	0.4%
<b>Totaal</b>	<b>971</b>	<b>1 069</b>	<b>1 137</b>	<b>1 094</b>	<b>1 083</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 6: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Ingenieurswese

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	1 498	1 446	1 346	1 255	1 283	50.0%	46.9%	44.6%	42.3%	41.0%
<b>Engels</b>	1 243	1 308	1 314	1 335	1 424	41.5%	42.5%	43.5%	45.0%	45.6%
<b>Xhosa en ander SA</b>	164	247	266	284	313	5.5%	8.0%	8.8%	9.6%	10.0%
<b>Internasionaal</b>	93	80	92	93	106	3.1%	2.6%	3.0%	3.1%	3.4%
<b>Onbekend</b>	0	0	1	1	0	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%
<b>Totaal</b>	<b>2 998</b>	<b>3 081</b>	<b>3 019</b>	<b>2 968</b>	<b>3 126</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 7: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Regsgeleerdheid

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	169	164	169	162	169	40.2%	36.7%	35.7%	33.5%	31.9%
<b>Engels</b>	215	242	256	271	300	51.2%	54.1%	54.1%	56.1%	56.7%
<b>Xhosa en ander SA</b>	28	30	37	40	50	6.7%	6.7%	7.8%	8.3%	9.5%
<b>Internasionaal</b>	8	11	11	10	10	1.9%	2.5%	2.3%	2.1%	1.9%
<b>Totaal</b>	<b>420</b>	<b>447</b>	<b>473</b>	<b>483</b>	<b>529</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 8: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	746	749	779	787	804	30.2%	29.6%	30.4%	30.3%	30.5%
<b>Engels</b>	1 364	1 364	1 342	1 323	1 322	55.2%	53.8%	52.3%	51.0%	50.1%
<b>Xhosa en ander SA</b>	300	350	378	413	446	12.1%	13.8%	14.7%	15.9%	16.9%
<b>Internasionaal</b>	63	70	66	72	66	2.5%	2.8%	2.6%	2.8%	2.5%
<b>Totaal</b>	<b>2 473</b>	<b>2 533</b>	<b>2 565</b>	<b>2 595</b>	<b>2 638</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Tabel 9: Huistaalverspreiding van voorgraadse studente, Fakulteit Krygskunde

	2017 (N)	2018 (N)	2019 (N)	2020 (N)	2021 (N)	2017 (%)	2018 (%)	2019 (%)	2020 (%)	2021 (%)
<b>Afrikaans</b>	61	52	42	48	47	11.6%	11.3%	12.3%	12.6%	13.1%
<b>Engels</b>	277	247	168	143	92	52.8%	53.5%	49.1%	37.6%	25.7%
<b>Xhosa en ander SA</b>	176	155	115	173	200	33.5%	33.5%	33.6%	45.5%	55.9%
<b>Internasionaal</b>	11	8	17	16	19	2.1%	1.7%	5.0%	4.2%	5.3%
<b>Totaal</b>	<b>525</b>	<b>462</b>	<b>342</b>	<b>380</b>	<b>358</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

